**Verstommende beskrywing van die sondvloed (OP134)**

**Gen 6:9-9:28 (Lees: Gen 6:9-22)**

**18 Junie 2023**

Laasweek het ons die tweede toledot in die boek Genesis afgehandel. Hierdie toledot het gehandel oor die familiegeskiedenis van Adam in Gen 5:1-6:8. Ons het uit die geslagsregister van Adam oor Set tot by Noag gesien dat daar oorvloedig lewe was, maar dat hierdie lewe gepaardgegaan het met 'n geswoeg en dat dit telkens geëindig het in die fisiese dood – Henog was natuurlik 'n uitsondering. Ons het ook gesien hoe die boosheid op die aarde toegeneem het – selfs in die nageslag van Set. Ons het gesien dat die eerste paar verse in Gen 6 waarskynlik verwys na konings wat hulle vergryp het aan vrouens en hulle skuldig gemaak het aan poligamie, terwyl hulle gesteld was daarop om vir hulle self naam te maak. Die Here het egter gesien hoe die boosheid op die aarde toegeneem het, tot die punt bereik is waar die Here geoordeel het alles wat die mens bedink is altyd net sleg. Gevolglik het die Here besluit om 'n einde te maak aan die mensdom. Ons het gesien dit het alles gebeur sodat die mens kan leer hoe gebrekkig sy eie vermoëns is, en dat die mens eenvoudig nie met erns ag slaan op die beloftes van die Here nie. Boonop het die Here vir die mensdom gewys hoe dit Sy hart grief, en dat Hy daarom gaan oordeel deur die mensdom uit te wis. Maar die toledot het genadiglik afgesluit met die opmerking dat Noag genade gevind het in die oë van die Here.

Hierdie stelling dien dan ook as oorgang na die derde toledot. Die opskrif van die derde toledot in Gen 6:9 is: die familiegeskiedenis van Noag. Hierdie toledot strek vanaf Gen 6:9 tot by Gen 9:28 – bykans 4 hoofstukke. Die inhoud van hierdie hoofstukke dek hoofsaaklik die sondvloed, en ook enkele gebeure na die sondvloed – dit dek dus hoogstens die gebeure van 'n paar jaar. Vergelyk dit met die tweede toledot wat betreklik kort was – net meer as een hoofstuk, maar dit het gebeure beskryf wat oor 'n lang periode van ten minste 1000 jaar gebeur het, miskien selfs heelwat langer. Let op: Die fokus van die tweede toledot was die toename in boosheid op die aarde oor baie jare en geslagte – maar dit word vir ons kort en bondig beskryf. Die fokus van die derde toledot is die Here se oordeel oor hierdie boosheid, en ook Sy genade aan Noag – dit word in baie meer detail bespreek. Hieruit is dit duidelik dat die fokus van die Bybel nie is om alle geskiedkundige gebeure te beskryf nie. Nee, die Bybel bevat die Here se openbaring aan die mensdom. In hierdie openbaring wil die Here ons nie leer hoe om te sondig nie – alhoewel die sonde 'n ernstige realiteit is. Nee, die Here wil ons leer hoe Hy die sonde van die mensdom gaan hanteer: Dit sluit oordeel in, en dit sluit genade in. Die Here spandeer baie ruimte in Sy openbaring om dit aan ons te verduidelik. Dit is nuttig om te kyk na hoeveel ruimte die Here in Sy openbaring aan 'n sekere onderwerp gee om uit te vind hoe belangrik daardie saak vir Hom is. Met dit in gedagte, dink nou daaraan dat daar 4 evangelies in die Bybel opgeteken is – 4 boeke wat gewy word aan die lewe, sterwe en opstanding van die Here Jesus – dit moet vir die Here belangrik wees, immers is dit die hoogtepunt van God se openbaring en die kardinale ankerpunt waaraan God se hantering van die sonde van die mensdom geanker is.

Ek voorsien dat ons 'n paar weke gaan spandeer om die sondvloed en die gebeure daarna te oordink. Vandag wil ek bloot oorsigtelik na hierdie gedeelte kyk deur die volgende drie punte te oordink: (1) Wie was Noag? (2) Wat leer ons uit die struktuur van die beskrywing van die sondvloed? (3) Ooreenkomste tussen Adam en die skepping in vergelyking met Noag en die herskepping.

<u>Wie was Noag?</u>

Ons het reeds van Noag begin leer in Gen 5 se geslagsregister. Ons weet uit hierdie geslagsregister dat Noag die seun was van Lameg (Gen 5:28-29). Ons weet ook dat Lameg 'n afstammeling was van

Set, wat op sy beurt Adam se seun was, wat na die beeld van God geskep is (Gen 5:1-3). Uit die geslagsregister van Jesus in Luk 3:23-38 weet ons dat Noag 'n voorsaat was van Josef, wat beskou is as Jesus se aardse vader. Noag was dus 'n mens wat God se beeld moes vertoon. Hy was uit die nageslag van Adam oor Set, en hy was ook 'n voorsaat van Josef, en dus van Jesus, wat baie geslagte later gebore sou word.

Ons het ook al in Gen 5:29 geleer dat sy naam "troos" of "rus" beteken. Juis toe die boosheid op die aarde toegeneem het, toe die mens vasgevang was in die sonde en die geswoeg gedurende daardie lang lewens, het Lameg gesmag na troos en rus, en met Noag se geboorte al aangekondig dat Noag troos sal bring. Dit was dus met Noag se geboorte al duidelik dat die Here 'n besondere doel met hom gehad het.

Gen 7:6 vertel vir ons dat Noag 600 jaar was toe die vloed begin het. Op daardie stadium het hy alreeds die opdrag van die Here ontvang om die ark te bou, en die ark was reeds klaar gebou. Uit Gen 9:28 leer ons dat Noag na die vloed nog 350 jaar geleef het. Hy het dus 950 jaar oud geword – en, let op, toe het hy gesterf. Al het Noag 'n besondere rol vervul, het hy ook, soos die ander persone waarvan ons in Gen 5 gelees het, gesterf.

Ons weet Noag was getroud, en het laasweek al daarna verwys dat hy net een vrou gehad het (bv Gen 6:18). Boonop het Noag kinders gehad – ons lees van 3 seuns: Sem, Gam en Jafet (Gen 5:32, 6:10). Noag se seuns was ook aldrie getroud – maar hulle het ook elkeen net een vrou gehad – ons weet dit omdat 1 Pet 3:20 spesifiek melding maak dat daar 8 persone in die ark was: dit was Noag, sy vrou, sy 3 seuns en 3 skoondogters.

Die verstommendste beskrywing van Noag is sekerlik in Gen 6:9: "Noag was 'n regverdige man, onberispelik in sy optrede tussen sy tydgenote. Hy het naby God geleef." Onthou wat ons vroeër gesien het: Noag was uit die nageslag van Adam – wat na God se beeld geskape is. Ons het al besin oor wat dit beteken om na God se beeld geskep te wees – ons moet onder andere God se karakter vertoon. God is regverdig – ons sien dit juis in God se hantering van sonde deurdat Hy dit nie ignoreer nie maar aanspreek en daaroor oordeel. Wel, Noag het uitgestaan onder sy bose tydgenote deurdat hy ook regverdig was, en sodoende God se regverdigheid gereflekteer het. In Heb 11:7 lees ons: "Deur geloof het Noag, toe hy die Goddelike opdrag ontvang het oor dit wat nog glad nie gesien is nie, en omdat hy in eerbied gehoorsaam was, 'n ark voorberei vir die redding van sy huis. Daardeur het hy die wêreld veroordeel, en 'n erfgenaam geword van die regverdiging volgens geloof". Hier lees ons waar Noag se regverdigheid vandaan gekom het – hy het 'n erfgenaam geword van regverdiging deur geloof! Noag het dit <u>geërf</u>! Hy het dit geërf deur die geloof! Watter geloof? Geloof soos wat hy gedemonstreer het toe hy die Here op Sy woord geneem het toe die Here aan Noag die opdrag gegee het om die ark te bou. Daar was geen aanduiding dat daar 'n vloed sou kom nie – behalwe dat die Here so gesê het. Maar dit was vir Noag voldoende. Hy het die Here geglo. Sien jy dit? Noag is geregverdig deur die geloof! Ons is nog maar in Gen 6. Ons is eeue voor die koms van Jesus. Toe alreeds is Noag geregverdig deur geloof! Ja, Noag het baie min verstaan van die komende verlossing deur die Here Jesus. Maar hy het verstaan dat hy die Here moet vertrou. Hy het verstaan hy is afhanklik van die redding wat die Here vir hom voorhou – die ark. Hy is geregverdig deur geloof in die beloftes van die Here aangaande die verlossing wat die Here nog gaan bewerk. Die enigste verskil tussen Noag se regverdiging deur geloof en ons regverdiging deur geloof is dat hy geglo het in die Here se beloofde verlossing wat nog sou kom, en ons glo in die verlossing wat die Here reeds bewerk het deur Sy seun. En as jy sou wonder hoe Noag suksesvol was om in die Here te glo en dus geregverdig te word, terwyl die res van sy tydgenote in boosheid verval het – die rede is alreeds in Gen 6:8 gegee: Noag het genade gevind in die oë van die Here! Ek hoop dit is duidelik: Noag is uit genade deur geloof geregverdig. As Paulus in Rom 3:22 sê God gee (uit genade) deur

geloof in Jesus Christus geregtigheid (regverdigheid) aan almal wat glo – dan moet ons raaksien dieselfde beginsel was alreeds waar vir Noag!

Wat Heb 11:7 ook vir ons leer is dat Noag se geloof sigbaar geword het in sy lewe – hy het 'n ark op droë grond gebou – bloot omdat die Here so gesê het. Gen 6:9 sê: Noag was onberispelik in sy optrede tussen sy tydgenote. Sy tydgenote kon Noag se onberispelikheid sien: onder andere kon hulle die ark sien – Noag was anders – soos wat Jak 2:17 sê tipies die geval is met gelowiges – hulle geloof gaan oor in dade. Gen 6:9 sê ook Noag het naby God geleef – soos wat van Henog gesê is in Gen 5:24. Henog is deur die Here weggeneem sonder dat hy gesterf het. Soortgelyk sou Noag ook bewaar word tydens die sondvloed waarin al die bose mense gesterf het.

En tog was daar ook die tragiese realiteit dat Noag 'n sondaar was – in Gen 9:21 lees ons dat Noag na die sondvloed homself dronk gedrink het en kaal in sy tent gaan lê het. Selfs Noag, die een wat uit genade deur geloof geregverdig is, sondig. Ongelukkig is dit 'n realiteit wat ons as gelowiges ook mee kan realiseer – ons sondig ook steeds. Ons sal met verloop van tyd besin oor die betekenis van die gebeure in Gen 9 – maar laat ek intussen net dit sê: selfs al bewaar die Here ons in 'n sondvloed, is dit nie genoeg om ons by gehoorsaamheid te bring nie. Dit vra nog meer werk van die Here.

<u>Wat leer ons uit die struktuur van die beskrywing van die sondvloed? (Gen 6:9-9:19)</u>

Soos wat ek vroeër opgemerk het, het ons 'n betreklik gedetailleerde beskrywing van die sondvloed in hierdie hoofstukke. Ons het nie die hele gedeelte gelees toe ons begin het nie, maar ek vertrou ons is almal redelik goed bekend met die sondvloedgebeure. Ek wil nou fokus op die struktuur wat die skrywer gebruik het om vir ons hierdie gebeure te beskryf. Hier maak ek ruim gebruik van wat Waltke in sy kommentaar geskryf het.

Ons gaan nou fokus op Gen 6:9-9:19 – ons laat vir hierdie bespreking dus die gedeelte weg wat handel oor die gebeure na die sondvloed toe Noag in sonde geval het – ons sal dit op 'n later stadium oordink. In Hebreeus maak skrywers dikwels gebruik van sogenaamde chiastiese strukture – en dit is ook die geval hier. In die beskrywing van die sondvloed het ons eers 7 trappe, wat een na die ander op mekaar volg en opbou na 'n klimaks. Na die klimaks vind ons weer 7 trappe wat een na die ander volg in die afbou na die klimaks, maar die keer in presies die omgekeerde volgorde. Ons kry dus die volgende volgorde: trap 1, trap 2, trap 3, trap 4, trap 5, trap 6 en dan trap 7 – wat die klimaks is. Daarna volg die ekwivalent van elke trap maar in omgekeerde volgorde: dus na trap 7 kry ons die ekwivalent van trap 6, dan die ekwivalent van trap 5, trap 4, trap 3 trap 2 en trap 1. Kom ons kyk daarna:

- Die eerste trap wat die hele vertelling omarm is 'n opening aan die begin en 'n slot aan die einde van die vertelling. Die opening is in Gen 6:9a: "Hier volg die familiegeskiedenis van Noag". Die hele sondvloed vertelling word afgesluit met 'n slot as ekwivalent van trap 1 aan die einde van die vertelling in Gen 9:18-19, waar ons lees van die drie seuns van Noag wat uit die ark gegaan het, en dat die hele aarde uit hulle bevolk is. Die vertelling van die sondvloedgebeure vertel dus vir ons wat met Noag gebeur het (die opening, trap 1) en hoe die gevolg daarvan is dat die hele aarde opnuut bevolk moet word vanuit sy drie seuns (die slot, ekwivalent van trap 1).
- Die tweede trap beskryf vir ons net na die opening (trap 1) wat die situasie in die wêreld was voor die vloed. Netso vind ons aan die einde van die vertelling net voor die afsluiting (ekwivalent van trap 1) 'n ekwivalent beskrywing van die situasie in die wêreld na die sondvloed (die ekwivalent van trap 2). Ons lees in Gen 6:9b-12 voor die sondvloed van Noag wat 'n regverdige man was, maar daarteenoor was die res van die aarde deur en deur sleg

(v11-12). Die ekwivalente vertelling aan die einde van die sondvloed vind ons in Gen 9:1-17 – waar ons lees van voorskrifte wat die Here vir Noag en sy seuns gegee het na die sondvloed en hoe hulle voortaan in hierdie "nuwe wêreld" moet leef – hulle moet vermeerder en die aarde vul, hulle het voorskrifte ontvang oor hoe hulle moet optree as 'n mens se lewe geneem word, en boonop het die Here 'n verbond met Noag gesluit. Ons gaan nie nou na die detail kyk nie. Maar ek hoop dit is duidelik daar is ekwivalente trappe van beskrywing wat enersyds die situasie in die wêreld beskryf voor die vloed, en aan die einde die situasie beskryf na die vloed.

- Daar is 'n derde trap van vertelling: Na die beskrywing van die situasie in die wêreld voor die vloed (trap 2), volg daar daar 'n monoloog deur die Here – dit is trap 3. Netso is daar ook 'n monoloog deur die Here (ekwivalent van trap 3) net voor die beskrywing van die wêreldsituasie na die vloed (ekwivalent van trap 2). In Gen 6:13-22, voor die vloed, lees ons dat die Here met Noag praat, en Hy gee aan Noag die opdrag om die ark te bou. Die Here gee die voorskrifte van hoe die ark moet lyk, en ook dat Noag die diere saam met hom en sy gesin in die ark moet neem – dit is trap 3. Netso vind ons na die vloed, in Gen 8:20-22, dat die Here weer aan die woord is nadat Noag offers aan die Here gebring het. In hierdie monoloog sê die Here dat al neig die mens na wat boos is, sal Hy nie weer die aarde so vervloek nie, nee, Hy sal saaityd en oestyd, dag en nag in stand hou solank die aarde bestaan- dit is die ekwivalent van trap 3.
- Die vierde trap van vertelling is waar ons in Gen 7:1-5 lees dat die Here vir Noag sê dat hy en sy familie en die diere in die ark moet ingaan, want oor 7 dae gaan dit begin reën. Die ekwivalent van trap 4 is in Gen 8:15-19 waar die Here vir Noag sê dat hy en sy familie en die diere uit die ark moet uitgaan.
- Die vyfde trap van vertelling is in Gen 7:6-16. Hier begin die vloed. Hier lees ons dat Noag-hulle in die ark ingegaan het na die 7 dae. Dit was op die 17de dag van die 2de maand van Noag se 600ste jaar. Dit het begin reën en die fonteine is oopgemaak, en dit het vir 40 dae lank gereën. Die ekwivalent van die vyfde trap is in Gen 8:6-14. Ons lees na 40 dae het Noag die ark se luik oopgemaak en die voëls vrygelaat met tussenposes – ons lees telkens van sewe dae wat hy gewag het. En ons lees op die 27ste dag van die 2de maand van Noag se 601ste jaar was die aarde droog. Hier eindig die vloed.
- Die sesde trap van vertelling is in Gen 7:17-24. Hier lees ons die vloed het die oorhand gehad. Alles was bedek met water, en alles wat lewensasem gehad het, het gesterf. Slegs Noag en die wat saam met hom in die ark was, het oorgebly. Dit het oor 'n periode van 150 dae gebeur. Die ekwivalent van trap 6 is in Gen 8:1b-5. In hierdie verse lees ons dat God 'n wind oor die aarde laat waai het, die water het tot rus gekom en geleidelik begin terugvloei. Dit het ook oor 'n periode van 150 dae gebeur.
- Die sewende trap van vertelling is in Gen 8:1a: "God het aan Noag gedink, ook aan al die wilde en mak diere wat saam met hom in die ark was". Hierdie vers is die piek of die klimaks van die vertelling: God het aan Noag gedink!

Ek hoop jy sien die struktuur raak: Trap 1: Die familiegeskiedenis van Noag. Trap 2: Die wêreld is boos, maar Noag is regverdig. Trap 3: Die Here se monoloog: bou die ark! Trap 4: Gaan in die ark in! Trap 5: Die vloed kom vir 40 dae. Trap 6: Die vloed het die oorhand vir 'n periode van 150 dae. Trap 7: Die klimaks: God het aan Noag gedink! Trap 6 se ekwivalent: Die vloed trek terug oor 'n periode 150 dae. Trap 5 se ekwivalent: Die vloed eindig na 40 dae. Trap 4 se ekwivalent: Gaan uit die ark uit! Trap 3 se ekwivalent: Die Here se monoloog: Nie weer so lank die aarde bestaan nie! Trap 2 se ekwivalent: Voorskrifte vir die nuwe wêreld en die verbond met Noag. Trap 1 se ekwivalent: Uit

Noag se seuns word die wêreld herbevolk. Ons sien dus soortgelyke trappe in die opbou na die klimaks as wat ons sien in die afbou na die klimaks.

Hoekom lê ek soveel klem hierop? Wel, in die sondvloed gebeure het ons 'n beskrywing van die oordeel van die Here. Die gebeure beskryf die einde van die wêreld soos wat dit was. Dit beskryf die dood van alles wat die lewensasem in hulle gehad het wat die Here aan hulle gegee het. Die gebeure beskryf geleidelik hoe die oordeel nader kom, hoe die oordeel aanbreek, hoe die oordeel die oorhand het vir 150 dae lank. Maar dan in die klimaks van die vertelling, net voor die water geleidelik begin wegvloei, in die klimaks van die oordeel, lees ons: Die Here het aan Noag gedink! Bo-op die watervloed dryf die ark. En die Here het in die klimaks van Sy oordeel aan hulle gedink wat in die ark was. Wat 'n beskrywing van die feit dat daar in God se oordeel ook genade is. Ons het dit al in Gen 3 gesien: die vrou sal swangerskappe hê (dit is genade), al is hulle swaar (dit is oordeel), die mens mag eet (dit is genade), al is dit in die sweet van sy aangesig (dit is oordeel). Maar hier met die sondvloed gaan God se genade verder: Bo-op die vloedwater dryf die ark – en die Here dink in die middel van Sy oordeel in genade aan die wat binne die ark is. Dit bring 'n hele nuwe dimensie aan daardie stelling in Gen 6:8: "Maar Noag het genade gevind in die oë van die Here".

Ons het al talle kere in die verlede besin oor die simboliek van die verbondsark in die Allerheiligste van die tabernakel. Ons het gesien dat die verbondsark 'n simbool is van die Here Jesus, en dat gelowiges in Hom mag skuil, onder die versoendeksel waarop Sy bloed gesprinkel is. As hulle in Hom skuil in die verbondsark, is hulle veilig wanneer die Here oordeel. Wel, vergelyk dit nou met die sondvloed: Die sondvloed wys vorentoe na die komende finale oordeel, wanneer alle lewe wat nie tot God se eer is nie, die ewige dood sal ingaan. Maar in daardie oordeel sal die Here, soos wat Hy aan Noag gedink het tydens die sondvloed, dink aan die wat in die verbondsark, in die Here Jesus, skuil onder die versoendeksel met Sy bloed daarop. Hulle sal genade vind in die oë van die Here.

<u>Ooreenkomste tussen Adam en die skepping in vergelyking met Noag en die herskepping.</u>

Daar word dikwels geredeneer dat die sondvloed 'n nuwe begin was. Met die sondvloed het die Here al die boosheid van die wêreld verwyder deurdat al die bose mense gesterf het. Na die sondvloed begin die Here weer opnuut – die keer met die regverdige Noag, sy familie en die diere wat saam met hom in die ark was. Dit word dikwels beskryf as 'n herskepping wat plaasgevind het. En dit is voorwaar so dat daar verstommende ooreenkomste is tussen Adam en die gebeure tydens die skepping en Noag en die gebeure tydens die sondvloed – wel, miskien moet ons eerder sê tussen Adam en die skepping en Noag en daardie draaipunt in die sondvloed in Gen 8:1 waar die Here aan Noag gedink het en die water begin terugtrek het. Kom ons kyk na van die ooreenkomste:

- Ons lees in Gen 1:2b: "Maar die Gees van God het oor die water gesweef". Vergelyk dit met Gen 8:1b waar ons lees: "Toe het God 'n wind oor die aarde laat waai, en die waters het tot rus gekom". Ons weet tog dat die Heilige Gees dikwels met 'n wind vergelyk word, bv in Joh 3:8, waar Jesus na die werk van die Heilige Gees verwys as 'n wind wat waai waar hy wil.
- Ons lees in Gen 1:6-7 dat God op die tweede dag die waters onder die gewelf geskei het van die waters bo die gewelf. Netso lees ons in Gen 8:2 dat die fonteine van die oerwater (dus die water onder die gewelf) en die vensters van die hemel (dus die water bo die gewelf) gesluit is.
- Ons lees in Gen 1:9-10 dat God op die derde dag die water op die aarde in die see versamel het, en dat die droë grond sigbaar geword het. Netso lees ons in Gen 8:5 dat die water geleidelik minder geword het en dat die bergtoppe sigbaar geword het.

- Ons lees in Gen 1:20 dat God op die vyfde dag voëls geskep het om die hemelruim te vul. Netso lees ons in Gen 8:6-12 dat Noag die kraai en duif losgelaat het en dat hulle die eerste diere was wat na die vloed uit die ark gekom het en die lugruim gevul het.
- Ons lees in Gen 1:24-26 dat God op die sesde dag die landdiere en die mens gemaak het. Netso lees ons in Gen 8:17-19 dat Noag en sy gesin en die diere wat saam met hom in die ark was, uit die ark uitgegaan het.
- Ons lees in Gen 1:27 dat God die mens geskep het na Sy beeld en dat Hy hulle manlik en vroulik geskep het. Netso lees ons in Gen 8:18 dat Noag en sy vrou, en sy seuns en hulle vrouens, uit die ark gegaan het. Boonop verwys Gen 9:6 ook spesifiek na die feit dat die mens na die beeld van God gemaak is.
- Ons lees in Gen 1:28 dat God die mens geseën het, en vir hulle gesê het hulle moet vermeerder en die aarde vul, en hulle moet heers oor die diere. Netso lees ons in Gen 9:1-2 dat God vir Noag en sy seuns geseën het, en vir hulle gesê het hulle moet vermeerder en die aarde vul, en dat die diere hulle sal vrees, maar hulle is in die hande van Noag en sy seuns.

Die punt wat ons moet raaksien is die volgende: Toe die boosheid op die aarde toegeneem het, het die Here besluit om die boosheid uit te wis deurdat al die bose mense uitgewis is in die sondvloed. Die sondvloed het boonop ook 'n geweldige impak op die skepping gehad. Na die sondvloed het die Here toe begin met 'n herskepte wêreld wat gevul sou word met mense wat regverdig is – mense soos Noag. Dieselfde gaan aan die einde van die tyd gebeur wanneer die boosheid van die mens weer die oorhand kry: die Here gaan dan in die finale oordeel al die boosheid uitwis. Dit gaan ook 'n geweldige impak op die skepping hê. Trouens, God gaan alles nuut maak. 'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde gaan verskyn, en dit gaan gevul word met mense wat tydens die oordeel veilig geskuil het in die verbondsark, in die werk van die Seun, mense wat geregverdig is uit genade deur geloof in die verlossingswerk van die Seun.

<u>Opsommend</u>

Alhoewel ons in hierdie gebeure nog maar aan die begin van die Bybel is, alhoewel ons selfs nog maar aan die begin van die Ou Testament is, hoop ek dit is duidelik dat die inhoud van wat hier geleer word steeds absoluut relevant vir ons. Ons leer boonop uit hierdie gebeure nie net dat die Ou Testament nie in stryd is met die Nuwe Testament nie, maar eerder dat die Ou Testament ons leer om die Nuwe Testament beter te kan verstaan.

Ons het op drie belangrike sake vandag gefokus:

- Noag is uit genade deur geloof geregverdig, en sy geloof het in sy dade sigbaar geword.
- God oordeel oor die boosheid van die mensdom, maar in Sy oordeel is daar genade vir die wat geregverdig is. Hulle word wel nie van die oordeel gespaar nie, maar hulle word wel in die oordeel bewaar.
- God se oordeel gee aanleiding tot die ontstaan van 'n nuutgemaakte skepping, wat Hy vul met mense wat geregverdig is. Dit is ook waar van die finale oordeel en die nuwe hemel en aarde.

Kan ek afsluit deur jou te herinner aan wat Petrus in 2 Pet 3:3-7 skryf: Julle moet veral dit weet: In die laaste dae *(d.w.s. in die tyd waarin ons nou leef)* sal spotters met hulle gespot opdaag – mense wat hulle lewens volgens hulle eie drange inrig, en vra: "Wat het geword van die belofte van Sy koms? Sedert die vaders ontslaap het, bly alles steeds soos dit van die begin af was." Hulle ignoreer dit willens en wetens dat daar lank reeds hemele bestaan, en ook 'n aarde, wat deur die woord van God uit water en deur water tot stand gekom het *(dit is waarvan Gen 1 ons leer)*. En deur hierdie

dinge *(d.w.s. deur hierdie mense wat volgens hulle eie drange optree – soos ons in Gen 6 gesien het)* is die antieke wêreld deur water oorstroom, en het dit vergaan *(dit is die sondvloed, Gen 6-8)*, maar die huidige hemel en aarde word deur dieselfde woord vir vuur opsy gesit; dit word bewaar vir die oordeelsdag en die vernietiging van die goddeloses *(d.w.s. die sondvloed was 'n vooruit waarskuwing van die komende finale oordeel op die oordeelsdag)*.

Die sondvloed gebeure leer ons dus meer oor die komende finale oordeel.

Maar kan ek jou ook herinner aan wat Paulus in Rom 4:20-24 skryf. Ja, Paulus maak hierdie verse van toepassing op Abraham wat aan die Here se belofte vasgehou het. Dit is egter netso waar van Noag, en ek maak dit dus op Noag van toepassing: Met die belofte van God in gedagte *(in Noag se geval die belofte van verlossing deur die ark wat Noag in opdrag van die Here moes bou)*, het hy nie in ongeloof verval en begin twyfel nie; trouens, hy het sterker geword in die geloof, en het die eer aan God gegee. Hy was vas daarvan oortuig dat God dit wat Hy beloof het, ook kan doen. Daarom "is dit vir hom as regverdiging gereken". Dat dit vir hom *(beide Abraham en Noag)* as regverdiging gereken is, is nie net ter wille van hom opgeskryf nie, maar ook ter wille van ons vir wie dit toegereken sal word, ons wat glo in Hom wat Jesus, ons Here, uit die dood opgewek het.

Ons moet leer uit die sondvloed gebeure. Die wêreld is steeds boos. God se finale oordeel kom steeds, waarin Hy die bose gaan vernietig, maar ook die aarde gaan vernuwe. Maar net soos wat die Here 'n regverdige man deur geloof uit genade gered het deur hom in die ark te bewaar tydens die oordeel, netso waar is dit dat diegene wat deur geloof uit genade geregverdig is in die bloed van die Here Jesus, bewaar sal word in die komende oordeel.

Petrus roep gevolglik sy lesers op in 2 Pet 3:14 en sê: "Daarom, geliefdes, omdat julle hierdie dinge verwag, streef ernstig daarna om deur Hom in vrede, vlekkeloos en onberispelik bevind te word." En dit is ook die oproep aan ons.